MOEDERKERK
KRUISKERK

Kerkwees in 'n tyd van die Corona-virus

Liewe geloofsgemeenskap van Moederkerk/Kruiskerk

As gemeente wil ons spesifiek in onsekere tye soos hierdie in afhanklikheid van God, *'n Rivier van Lewende Water* wees, en bly leef vanuit God, ons Bron. Dit is by God waar ons ons krag, vrede en wysheid vind. Daarom wil ons julle aanmoedig om saam met ons te bid vir die situasie rakende die Corona-virus wat gemeenskappe plaaslik en wêreldwyd raak. As entrepreneurs van hoop word ons geroep om in tye soos hierdie liefde na iets te laat lyk.

Daarom (en op grond van President Cyril Ramaphosa se aankondiging op 15 Maart) het die leierskap van Moedergemeente die volgende besluite geneem:

- Alle byeenkomste in ons kerkgeboue is tot na Paasnaweek (Goeie Vrydag en Paassondag ingesluit) afgestel. Eredienste sal wel elke Sondagoggend om 09:30 op ons gemeente se **Youtube**-kanaal (https://www.youtube.com/channel/UC-GHDMVURFsr9pfviliMH8Q) uitgesaai word, asook beskikbaar wees op ons Facebook-blad (www.facebook.com/moederkerkstb). Families, vriende en kleingroepe word aangemoedig om hierdie aanlyn-eredienste in kleiner groepe as geloofsgemeenskap saam te kyk. Dit sal ook in ons aftree-oorde uitgesaai word.
- **Kommunikasie** sal plaasvind via weeklikse e-nuus, ons webtuiste (www.moederkerk.co.za), Facebook, sms'e en Whatsapp. Indien jy deur **Whatsapp** kommunikasie wil ontvang, kliek op die skakels hieronder (Ons het twee identiese groepe geskep vir die deurgee van inligting. Slegs die administrateurs in hierdie groepe kan boodskappe stuur so jul sal nie met onnodige gesprekvoering gepla word nie):
    - Whatsapp groep 1: https://chat.whatsapp.com/CH8enElHLUO3QwGLC8H4hN
    - Whatsapp groep 2: https://chat.whatsapp.com/LPGfcamlKNU6CtyUc0eJZc
- Ons sal via bogenoemde kanale materiaal versprei wat deur individue, families en kleingroepe gebruik kan word vir ons geloofsreis.
- Die **kerkkantoor** sal Maandae tot Vrydae oop wees tussen 08:00 tot 13:00 (tot na Paasnaweek).
- **Predikante** is steeds soos normaalweg beskikbaar en kan direk gekontak word. Daar is ook altyd 'n predikant beskikbaar op ons gemeente se alle-ure nommer: 074 354 0088.
- Dit is 'n realiteit dat die gemeente baie afhanklik is van elkeen se **finansiële bydrae** wat ontvang word tydens eredienste. Ons vra dus lidmate om gebruik te maak van EFT inbetalings en/of Snapscan om te verseker dat die maandelikse bedryfsuitgawes gedek kan word. Waar groepe bymekaar kom, doen ons 'n beroep op die fasiliteerders om die offergawes op te neem en te kom inbetaal by die kerkkantoor. Ons bankbesonderhede en Snapcan verskyn onder aan hierdie brief.

Laastens wil ons julle ook uitnooi om jul stemme te voeg by die volgelinge van Christus wat deur die eeue heen hul geloof as volg bely het:

Ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde,
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader;
van waar Hy sal kom om te oordeel: die wat nog lewe, en die wat reeds gesterf het.
Ons glo in die Heilige Gees;
ons glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges,
die vergewing van sondes,
die opstanding van die vlees en in 'n ewige lewe.

Bankrekening naam:
NG Kerk Stellenbosch
Bank:
Nedbank Business Winelands
Takkode: 149821
Rekeningnommer: (Tjek) 1498043232

SnapScan

getsnapscan.com